

13.2 RAPPORT 2 – BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – EIENDOMSAANGELEENTHEDE

13.2 REPORT 2 – MANAGEMENT OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU TO MEMBERS OF THE ADMINISTRATIVE BUREAU – PROPERTY AFFAIRS

<p>Die eiendomsaangeleenthede van die Administratiewe Buro is 'n gereglemteerde opdrag aan die Eiendomskomitee van die Bestuur van die Administratiewe Buro (Art 9: Reglement van die Admin Buro) en die Komitee rapporteer by elke vergadering van die Bestuur skriftelik oor sy werksaamhede.</p>	<p>The property affairs of the Administrative Bureau is a regulated mandate of the Property Committee of the Management of the Administrative Bureau (Art 9: Regulations of the Administrative Bureau) and the Committee reports on its activities in writing at every meeting of Management.</p>
<p>1. Die volgende word aan die Lede- vergadering voorgehou vir kennis- name en/of besluitneming</p>	<p>1. The following is tabled to the member meeting for taking not of and decision making</p>
<p>1.1 <i>Sekuriteit en toegangsbeheer</i> Sedert die oprigting van 'n palissadeheining in 2003 om die perseel waarop die Administratiewe Buro, TSP, GK Potchefstroom-Die Bult en die Teologiegebou van die NWU geleë is, staan die hekke wat toegang tot laasgenoemde drie geboue verleen, oop. Dit het onbelemmerde betreding tot gevolg gehad. Diefstal uit geboue, voertuie en van fietse, het in die jongste tyd sodanig toegeneem dat toegang tot die perseel beperk moes word deur die hekke toe te hou. Die betrokke partye het hiertoe met mekaar ooreengekom en toegang is nou slegs moontlik deur 'n gemotoriseerde hek met geaktiveerde kaarte. Die ander hekke is toe en gesluit en word slegs tydens eredienste deur GK Potchefstroom-Die Bult oop- en toegesluit. Die koste hiervoor is deur die NWU en die Administratiewe Buro gesamentlik gedra.</p>	<p>1.1 <i>Security and access control</i> Since the erection of palisade fencing in 2003 around the premises of the Administrative Bureau, TSP, GK Potchefstroom die Bult and the theology building of the NWU, the gates offering access to the latter three buildings stood open and resulted in unhindered trespassing on the property. Theft from buildings, vehicles and of bicycles has increased in recent times to such an extent that access to the premises had to be restricted by keeping the gates closed. The relevant parties agreed to this and now the premises can only be entered by means of a motorised gate with electronic access cards. The other gates are locked and only locked and unlocked during worship services of the GK die Bult. The cost involved was shared by the NWU and the Administrative Bureau equally.</p>
<p>1.2 <i>Tekort aan fondse</i> Die kostes vir instandhouding en opknapping van geboue en toerusting, maar veral vir instandhouding en restourasie van die historiese geboue wat tot nasionale monumente verklaar is, styg teen 'n al minder bekostigbare tempo.</p>	<p>1.2 <i>Shortage of funds</i> The cost for the maintenance and upkeep of building and equipment, but especially for the maintenance and restoration of the historical buildings, declared national monuments, is rising at an all the more unaffordable rate. The shrinking membership and its negative</p>

<p>Krimpende lidmatetal en die negatiewe effek daarvan op ramings, eis ook hier sy tol.</p> <p>'n Bykomende moontlike ontginbare bron van inkomste vir hierdie doel is om bydraes van buite te bekom.</p> <p>Aanbeveling: Dat goedkeuring aan die Administratiewe Buro verleen word om by instansies, organisasies en individue wat die saak goedgesind is, fondse te bekom vir die instandhouding en restourasie van die GKSA se historiese geboue en eiendom.</p> <p>2. Verhuring van eiendom</p> <p>2.1 Daar word gepoog om die Sinodesaal en fasiliteite optimaal teen markverwante tariewe te verhuur.</p> <p>2.2 Die deel van die Administratiewe Buro kantoor kompleks wat nie self benut word nie, word steeds aan die Regskliniek van die NWU teen 'n markverwante tarief verhuur.</p> <p>2.3 Die vyf wooneenhede van Cachethuis word teen 'n uiters billike fooi aan behoeftige studente wat met hulle studies as predikante van die GKSA besig is, verhuur.</p> <p>3. Teologiese Skool (TSP)</p> <p>3.1 Die teekamer, kombuis en manstiolet by die Senaatsaal is nou ook opgeknep.</p> <p>3.2 Dank aan die NWU wat vir sy rekening die lugversorgingstelsel wat die drie groot klaskamers bedien, vervang het.</p> <p>3.3 Daar word beplan om die ou lugversorger in die Senaatsaal, wat met toenemende koste funksioneel gehou moet word, te vervang.</p> <p>4. Kerkargief</p> <p>4.1 Op aanbeveling van ons sekuriteitsmaatskappy, moet 'n rook- en brandverklikker in die kelder van die argief aangebring word. Die beplanning is om dit spoedig te doen.</p> <p>4.2 Voorts word beplan om die verslete matte in die kantoor en navorsingslokaal van die argief met teëls te vervang.</p> <p>5. Administratiewe Buro</p> <p>5.1 Die twee groot en verouderde lugversorgers wat die Sinodesaal bedien, is reeds 17 jaar in gebruik en</p>	<p>effect on estimates are taking its toll.</p> <p>An additional possible source of income to this end is to obtain contributions from outside.</p> <p>Recommendation: The Administrative Bureau is to receive approval to approach institutions and individuals, who look favourably on this matter, for funds for the maintenance and restoration of the GKSA's historical buildings and property.</p> <p>2. Renting of property</p> <p>2.1 The goal is to rent out the Synod hall and facilities at the best market-related tariffs.</p> <p>2.2 The section of the Administrative Bureau office complex that is not occupied is still being rented to the law clinic of the NWU at a market-related tariff.</p> <p>2.3 The five residential units of Cachet House are rented out, at extremely reasonable rates, to underprivileged students completing their studies to become ministers in the GKSA.</p> <p>3. Theological School (TSP)</p> <p>3.1 The tearoom, kitchen and male toilet at the Senate hall have also now been renovated.</p> <p>3.2 Thanks to the NWU that bore the cost of replacing the air-conditioning system that serve three large classrooms.</p> <p>3.3 The plan is to replace the old air-conditioning unit of the senate hall that is demanding evermore repair to function.</p> <p>4. Church archive</p> <p>4.1 Our security company recommends that a smoke and fire detector must be installed in the cellar of the archives. This is to be done as soon as possible.</p> <p>4.2 The threadbare carpets in the office and research room of the archives will be replaced with tiles.</p> <p>5. Administrative Bureau</p> <p>5.1 The two large and old air-conditioners of the Synod hall are already 17 years old and it is becoming all the more difficult to</p>
--	---

<p>dit raak al moeiliker om onderdele vir herstel en onderhoud te bekom. Dit sal dus beslis vervang moet word.</p> <p>5.2 Die dak van die Sinodesaal lek op al meer plekke. Dit gaan gedurende die komende winter, dus voor die sitting van die Algemene Sinode 2018, herstel en geseël word.</p> <p>5.3 <u>Werd om te weet:</u> Tydens die beplanning en oprigting van die kompleks, was een van die opdragte deur die Sinode “<i>Daar moet deeglik rekening gehou word met toekomstige behoeftes. Die gebou moet bv so opgerig word dat verdere verdiepings later opgerig kan word, indien nodig</i>” (Handelinge1976:438, 3.3.5). Hierdie opdrag is wel uitgevoer en daar kan dus, met uitsondering van die Sinodesaal gedeelte, wel bo-op die gebou nog ‘n verdieping(s) opgerig word.</p>	<p>obtain parts for repairs and maintenance. They would, therefore, definitely have to be replaced.</p> <p>5.2 The roof of the Synod hall leaks in more than one place. It will be repaired and sealed, over the coming winter and thus before the sitting of General Synod 2018.</p> <p>5.3 <u>Worth knowing:</u> The planning and erection of the complex included the instruction by the Synod that “careful consideration must be taken of future needs. The building needs to be erected in such a way that further storeys could be added to it, if necessary” (Acta1976:438, 3.3.5). This mandate was heeded and thus, apart from the Synod hall section, further storeys can indeed be added to the building.</p>
<p>6. Historiese geboue / gedenkwaardighede</p> <p>6.1 <i>Ou Voorbereidende Skool</i> Die gebou is aan die Totius Akademie (laerskool) beskikbaar gestel op voorwaarde dat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir verdere restourasie en deurlopende instandhouding daarvan.</p> <p>6.2 <i>Totiushuis</i> Die Totiushuis word volgens ‘n ooreenkoms tussen die GKSA en die Potchefstroomse (Tlokwe) Stadsraad aan die Stadsraad verhuur vir ‘n 99 jaar termyn, beginnende op 1 April 1976. Daar is geen huurgeld by betrokke nie, maar as teenprestasie moet die Stadsraad dit restoureer soos wat dit was toe dit deur Totius bewoon is. Die gebou en terrein moet dan in daardie gerestoureerde toestand en netjies gehou word.</p> <p>6.3 <i>Kerkmuseum</i> Daar sal in die volgende termyn instandhoudings- en restourasiewerk aan die dak en buitekant gedoen moet word.</p> <p>6.4 <i>Cachethuis</i> Oor die afgelope aantal jare is een van die vyf wooneenhede per jaar aan die binnekant opgeknop, met die laaste een gedurende 2017.</p>	<p>6. Historical buildings / monuments</p> <p>6.1 <i>Old Preparatory School</i> The building was made available to the Totius Akademie (primary school) on the condition that they accept responsibility for further restoration and continuous maintenance.</p> <p>6.2 <i>Totius House</i> The Totius House is rented, as per an agreement between the GKSA and the Potchefstroom (Tlokwe) City Council, to the City Council on a 99-year lease, starting 1 April 1976. No rent is involved, but in consideration the City Council must restore it to the state when it was inhabited by Totius. The building and grounds are then to be maintained in that restored condition.</p> <p>6.3 <i>Church Museum</i> Maintenance and restoration work will have to be done to the roof and outside during the next term.</p> <p>6.4 <i>Cachet House</i> Over the past number of years one of the five residential units is spruced up inside, the last of which during 2017.</p>

<p>Met die oog op beter sekuriteit, word in die vooruitsig gestel om daardie gedeelte van die terrein met 'n 1,8m palissadeheining af te kamp. Daar sal ook in die volgende termyn instandhoudings- en restourasiewerk aan die dak en buitekant gedoen moet word.</p> <p>6.5 <i>Totiusplaashuis te Krugerskraal</i> Die grootste enkele probleem wat tans ondervind word, is dat die boorgat wat water aan hierdie nasionale gedenkwaardigheid voorsien, met die onlangse droogte feitlik opgedroog het. Omdat dit bekend is dat daardie area skaars is aan ondergrondse water, is dit ook 'n risiko om 'n nuwe boorgat te sink en water te vind. Die koste daaraan verbonde sal ook baie hoog wees omdat so 'n boorgat tot op 'n noemenswaardige diepte gesink sal moet word.</p> <p>Die grasdak van die klipstruktuur waarin Totius die Bybelvertaling en Psalmberymings gedoen het, kort aandag en kan vir nie langer as 'n jaar uitgestel word nie.</p> <p>Die eienaar van die plaas wat Krugerskraal omring, Pieter Linde, se goedgesindheid en hulp-vaardigheid, verdien spesiale vermelding.</p> <p>6.6 <i>Totiusstandbeeld</i> Die gebeure op kampusse van Suid-Afrikaanse universiteite het ook na die NWU-Pukkampus oorgespoel met as een van die besware die teenwoordigheid van hierdie standbeeld op die kampus. Na gesprekvoering is die standbeeld onbeskadig deur die NWU verwyder, gerestoureer, deur middel van 'n skenkingsakte aan die GKSA toevertrou en in die voorportaal van die Sinodesaal opgerig. Die kostes hieraan verbonde is alles deur die NWU gedra.</p>	<p>This section of the terrain will at some point be fenced off with 1,8m palisade fencing, as security measure.</p> <p>The next term will also see maintenance and restoration work to the roof and outside.</p> <p>6.5 <i>Totius Farmhouse at Krugerskraal</i> The greatest single problem experienced at present is that the borehole, supplying water to this national monument, dried up with the recent drought. Since that area is known to be water poor, it is risky to sink a new borehole to find water. The cost involved would also be prohibitively high, because the borehole would have to be dug to a remarkable depth.</p> <p>The thatch roof of the stone structure, in which Totius did the Bible translation and psalm versification, requires attention and cannot be postponed for more than a year.</p> <p>The goodwill and assistance of the owner of the farm surrounding Krugerskraal, Pieter Linde, is worthy of mention.</p> <p>6.6 <i>Totius Statue</i> The events on campuses of South African universities also spilled over to the NWU campus, with one of the protests being the presence of this statue on campus. Upon discussion, the statue was removed undamaged by the NWU. It was restored, by means of a deed of donation entrusted to the GKSA, and placed in the entrance hall of the Synod hall. All costs were paid by the NWU.</p>
---	---

Rapporteur: Br MC Erasmus

Reporter: Br MC Erasmus